FSIZE:3298
ZCZC 710
AAZA16 FAME 030710
MP 684

MP - 406

04 FEB 1994

MARION NUUSBRIEF VIR JANUARIE 1994
==========

DIE MAAND HET WEGGESPRING MET JACO (GURU) SE VERJAARDAG. DAAR WAS N GESELLIGHEID VIR HOM GEREEL MET DIE NAAM BACK TO SCHOOL, DAAR WAS LEKKER GEKUIER TOT LAAT IN DIE NAG. EK GLO DAT JACO 27 NIE WEER SAL SIEN NIE EN OOK NIE DIE SKOOL NIE, MAAR SAL HIERDIE 4 DE JANUARIE NIE MAKLIK VERGEET NIE.

VROEG DIE OGGEND VAN 5 JANUARIE KOM DAAR N STEM OOR DIE KANAAL 16 RADIO, DIT WAS DIE EERSTE KEER SEDERT DIE SKIP VERTREK HET DAT DAAR IETS UIT DIE RADIO GEHOOR WORD. TOT ALMAL SE VERBASING WAS DIT N 50 VOET SEILJAG WAT REG VOOR DIE BASIS IN DIE SEE LE.

DIT WAS N DUITSE SEILJAG MET DIE NAAM FREYDIS.DIE SKIPPER HET SY VROU EN SY SES BEMANNINGS LEDE AAN ONS VOORGESTEL HY, ERICH WILTS EN SY VROU DR.HEIDE WILTS WAT DIE EIENAARS VAN DIE JAG IS,KON BESTE ENGELS PRAAT EN HET GEVOLGLIK DIE MEESTE PRAAT WERK GEDOEN. HANS ONS LEIER HET ONS AAN DIE DUITSERS VOORGESTEL EN N ATMOSFEER GESKEP WAARIN ONS GASTE GEMAKLIK KON VOEL,EN DAAR WAS LAND EN SAND OOR EN WEER GESELS. DAAR WAS SO HIER EN DAAR MET DIE TAAL GESUKKEL MAAR ONS KON MEKAAR DAREM VERSTAAN . DIE HELE SPAN WAS WARE ABASSADEURS VAN S.A. GEWEES EN DIE DUITSERS WAS TE GRETIG OM N SKYFIE VERTOONING TE HOU OOR HULLE ERVARINGE IN DIE NOORD POOL EN DIE SUID POOL GEBIEDE. OP DIE 9 DE HET HULLE HUL SEILE GESPAN EN WAS WEER VORT OP PAD NA CROZET EILAND WAT 900 SEE-MYL OOS VAN ONS LE EN DEUR DIE FRANSE BEMAN WORD.EK IS OORTUIG DAT HULLE MET N GOEIE INDRUK VAN DIE SUID- AFRIKANERS WEG IS.

IN DIE MAAND HET DIE GRYSKOP MALMOK EN GEELKUIF PIKKEWYN EIERS UITGEBROEI. ALMAL HET NA HUL KAMERAS GEGRYP OM DIE GEBEURTENIS OP FILM VAS TE LE . FOTOGRAFIE IS N STOKPERDJIE WAT DEUR ALMAL BEOEFEN WORD, GEVOLGLIK WORD DIE DONKER KAMER GOED BENUT. DAAR WORD OOK GEREELD SKYFIE VERTONINGS GEHOU EN DAAR IS NIE N TEKORT AAN PUIK FOTOS NIE. OM VAN DIE GEELKUIF PIKKEWYN FOTOS TE NEEM IS BY VERE DIE MAKLIKSTE OMDAT HULLE OM DIE BASIS EN OP PLEKKE SELFS ONDER DIE BASIS BROEI.HULLE IS OOK DIE KODDIGSTE MET HUL SNAAKSE STAPPIE.

DIE GROOTMALMOKKE (WANDERING ALBATROSS)HET OOK BEGIN BROEI. DIE VOEL MET VLERKSPAN VAN 3.4 METER IS DIE GROOTSTE OP DIE EILAND. DAAR IS 20 000 PARE VAN DIE VOEL IN DIERELD OOR WAARAN ONGEVE GEDURENDE DIE MAAND SE VOEL SENSUS HET DIE MANNE OP N YSBERG AFGEKOM WAT SO 3 KM VAN DIE EILAND VERBY GEDRYF HET.

DIE GETALLE VAN DIE OLIFANT ROBBE WORD OOK DOPGEHOU. DIE AFGELOPE PAAR JAAR HET HUL GETALLE AFGENEEM ,OM DIE REDE VIR DIE VERSKYNSEL TE KRY WORD DAAR OP SOMMIGE VAN HULLE TYD DIEPTE OPNEMERS AANGEBRING. DIT IS VIR MANNE WAT MET DIE ROBBE WERK NIE ALTYD SO MAKLIK OM DIE INSTRUMENT AAN TE BRING NIE.JAY HET ETLIKE DAE GESUKKEL OM EEN VAN DIE INSTRUMENTE AAN N WYFIE AAN TE BRING OMDAT SY TELKUNS WATER TOE GAAN AS HY NADER KOM. HY WAS VERLIG DIE DAG TOE HY DIE INSTRUMENT SUKSESVOL AANGEBRING HET.

GROETE AAN AL DIE LESERS VAN DIE MARION 50 SPAN.

WEER STATISTIEK VIR JANUARIE.

HOOGSTE TEMP	14,8	GRADE C
LAAGSTE TEMP	0,0	GRADE C
REENVAL	191,0	MM
DAE MET REEN	26	DAE
MAX WINDSTOOT	148	KM/UUR
GEM. SONSKYN PER DAG	5	UUR

MARION 50.

94/2/4.

NNNN